

# Sondag 14 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 33:12-13

Fokusgedeelte: Eksodus 33:19  
(1933/53-vertaling)

## God gee genade volgens sy eie besluit

Israel het teen God gerebelleer deur 'n goue kalf te maak om te aanbid. Die Here sê dan vir Moses dat sy toorn nou teen hulle gaan ontvlam en hulle gaan verteer, waarop Moses reageer met 'n gebed vir die volk. In vers 15 sê hy: “As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie.”

Wanneer die Here dan antwoord dat Hy saam sal gaan, vra Moses in vers 18 dat hy die Here se heerlikheid wil sien sodat hy die versekering kan kry dat God wel in sy genade by Israel sal wees. Dan openbaar God dat Hy sy Naam sal uitroep, gevolg deur die woorde: “Ek sal genadig wees vir wie Ek wil genadig wees.”

Sy Naam “die Here” is dieselfde Naam as in hoofstuk 3:14 waar die Here aan Moses sê dat: “Ek is.” Hy is wat Hy is sonder dat iets buite Homself sy bestaan bepaal. Hierdie keer gee die Here nog 'n verklaring oor Wie Hy is: “Ek sal my genade en ontferming betoon aan wie Ek wil.” Hy doen wat hy doen sonder dat iets buite Homself sy keuses bepaal – ook ten opsigte van die genade wat Hy gee. Sy besluite het hulle oorsprong in sy soewereine wil.

God se absolute vryheid om genadig te wees teenoor wie Hy wil, gee vir Moses die versekering dat sy besluit om genade aan hulle te toon, nie verander het nie en Hy sal saam met hulle na die beloofde land gaan.

God openbaar sy genade aan ons sodat ons saam met Hom kan leef deur sy Seun, Jesus Christus. Hy besluit in sy heerlikheid, sonder dat 'n mens iets daarvoor doen, om genade aan ons te betoon deur die kruisdood van Jesus. Niks kan sy besluit keer nie. Daarom moet ons met dankbaarheid in aanbidding voor Hom staan.

*Sing: Psalm 86-1:8*

*Ds. CB Robinson (Brahm) (Cachet)*